

Skriflesing: 1 Konings 18: 19 – 46Teks: **1 Konings 18: 30b – 32a**Sing: **VOORAF SANG – Sb 15-1 (56): 1,2,4****TYDENS EREDIENS – Ps. 89:1; Ps. 135:1,3; Ps. 98:1; Sb.18-7 (45):1,4,8; Ps. 134:4****1 Konings 18: 19 – 46**

1Ki 18:19 Roep vir my die hele Israel bymekaar op Karmelberg. Die vier honderd en vyftig profete van Baäl en die vier honderd van Asjera wat van Isebel se tafel af eet, moet ook daar wees."

1Ki 18:20 Toe stuur Agab die boodskap aan al die Israeliete; hy het ook die profete op Karmelberg laat bymekaarkom.

1Ki 18:21 Elia het voor die hele volk gaan staan en gesê: "Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm." Die volk het hom nie 'n woord geantwoord nie.

1Ki 18:22 Toe sê Elia vir die volk: "Ek alleen het oorgebly as profeet van die Here, maar daar is vier honderd en vyftig profete van Baäl.

1Ki 18:23 Bring nou vir ons twee bulle. Hulle kan vir hulle een bul kies en hom opsny en op die hout uitlê. Maar hulle moet dit nie aan die brand steek nie. Ek sal dieselfde doen met die ander bul. Ek sal hom op die hout uitlê, maar dit ook nie aan die brand steek nie.

1Ki 18:24 Dan moet julle tot julle god bid, en ek sal tot die Here bid. Hy wat met vuur antwoord, is God." Die hele volk het geantwoord: "Dis goed so."

1Ki 18:25 Toe sê Elia vir die profete van Baäl: "Kies 'n bul en maak julle hom eerste gereed, want julle is die meeste. Bid dan tot julle god. Maar julle mag nie die vuur aansteek nie."

1Ki 18:26 Hulle neem toe die bul wat hy hulle laat kies het en maak hom gereed. Hulle bid toe tot Baäl en roep van die môre af tot die middag toe: "Baäl, antwoord ons!" Daar was nie 'n geluid van hom af nie. Niemand het geantwoord nie, hoe hulle ook al vir Baäl gedans het by die altaar wat hulle gemaak het.

1Ki 18:27 Teen die middag het Elia hulle begin spot: "Roep harder! Hy is mos 'n god! Miskien is hy diep in gedagte of gou bietjie uit, of op reis, of dalk slaap hy en moet hy eers wakker word!"

1Ki 18:28 Toe roep hulle nog harder; en soos altyd kerf hulle hulle stukkend met swaarde en spiese dat die bloed oor hulle loop.

1Ki 18:29 Tot die namiddag het hulle aangehou te kere gaan, en teen laatmiddag, die tyd vir die aandoffer, was daar nog geen geluid nie. Niemand het geantwoord nie, daar was geen reaksie nie.

1Ki 18:30 Toe sê Elia vir die hele volk: "Kom staan hier by my," en hulle het almal by hom gaan staan. **Toe het hy die stukkende altaar van die Here weer reggemaak.**

1Ki 18:31 **Hy het twaalf klippe gevat, net soveel as die stamme van die nageslag van Jakob vir wie die Here gesê het: "Jou naam sal Israel wees."**

1Ki 18:32 **Met die klippe het hy die altaar van die Here reggemaak** en 'n behoorlike sloot daar rondom gegrawe.

1Ki 18:33 Toe sit hy die hout reg, sny die bul stukkend en lê dit uit op die hout.

1Ki 18:34 Toe beveel hy: "Maak vier kruike vol water en gooi dit uit op die brandoffer en op die hout." Daarna sê hy: "Doen dit weer," en hulle het dit nog 'n keer gedoen. Toe sê hy: "Doen dit 'n derde keer," en hulle het weer so gemaak.

1Ki 18:35 Toe stroom die water oor die hele altaar, en selfs die sloot rondom het vol geword.

1Ki 18:36 Teen die tyd van die aandoffer het die profeet Elia vorentoe gekom en gebid: "Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek u dienaar is wat op u bevel al hierdie dinge doen.

1Ki 18:37 Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer."

1Ki 18:38 Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer, die hout, die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die sloot opgelek.

1Ki 18:39 Toe die hele volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en uitgeroep: "Die Here is God! Die Here is God!"

1Ki 18:40 Hierop sê Elia vir hulle: "Gryp die profete van Baäl! Nie een van hulle mag wegkom nie." Toe die volk hulle gegryp het, het Elia die profete laat afbring na Kisonspruit toe en daar het hy hulle doodgemaak.

1Ki 18:41 Daarna sê Elia vir Agab: "Gaan eet eers, want ek hoor al die gedruis van die reën."

1Ki 18:42 Agab het toe gaan eet, maar Elia het na die top van Karmelberg toe opgeklim en terwyl hy daar

na die aarde toe buig met sy kop tussen sy knieë,

1Ki 18:43 sê hy vir sy slaaf: "Gaan kyk in die rigting van die see!" Hy gaan kyk toe, en kom sê: "Daar is niks." Elia het vir hom gesê: "Gaan kyk weer." Dit het sewe keer gebeur.

1Ki 18:44 Na die sewende keer het hy kom sê: "'n Wolkie so groot soos 'n man se hand kom uit die see uit op." Elia sê toe: "Gaan sê gou vir Agab: Span in en gaan van die berg af, anders sal die reën jou vaskeer."

1Ki 18:45 Toe hulle nog praat, het die lug donker geword van die onweerswolke; die wind het opgekom en groot reëns het uitgesak. Agab het op sy wa geklim en na Jisreël toe gery.

1Ki 18:46 Die mag van die Here het vir Elia in besit geneem, en hy het sy mantel opgebind en voor Agab se wa uit gehardloop tot waar die pad uitdraai na Jisreël toe.

Skriflesing: 1 Konings 18: 19 – 46

Teks: **1 Konings 18: 30b – 32a**

Sing: VOORAF SANG – Sb 15-1 (56): 1,2,4

TYDENS EREDIENS – Ps. 89:1; Ps. 135:1,3; Ps. 98:1; Sb.18-7 (45):1,4,8; Ps. 134:4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons vandag 'n derde keer in die besonder ryk hoofstuk van 1 Konings 18 ingaan, is daar 'n hele paar dinge wat tot nou uitgestaan het. Aan die begin het ons dit kon uitlig as 'n hoofstuk van verskillende ontmoetinge. Obadja die paleis opsigter wat saam met koning Agab vir water en weiding vir Agab se perde en muile gaan soek het. In die soeke loop Obadja hom onverwags teen Elia vas. Obadja is verskrik, bang en onseker, waar kom Elia nou skielik vandaan; hy wat al vir 3 jaar en 6 maande, so lank soos die verskriklike droogte nou al duur, soos 'n groot speld verdwyn het. Nou moet hy boonop vir sy koning gaan sê dat hy nie alleen hom teen Elia vasgeloop het nie maar Elia wil hom vandag nog sien. So asof Elia vir Agab beveel om na hom te moet kom. Die koning word deur die profeet beveel en juis nie andersom nie.

Die hoofstuk van besonder moeilike ontmoetinge bou op, want verlede Sondag was ons waar Agab dan direk na Elia gaan, nie om hom te groet nie, maar om hom te konfronteer. Agab beskuldig Elia dat hy die beroerder van Israel is. Ons teksverse het uitgewys dat Agab beskuldig Elia jy het meer as net die verskriklike droogte, maar het die dood ons land ingebring. Elia jy is die oorsaak van al die ellende, jy het ons in hierdie ongeluk gebring, ja alles wat sleg is, is jou skuld.

Elia het dit eenvoudig net ontken, want was ons tema verlede Sondag wie is regtig die oorsaak van ellende as daar sulke groot ellende oor 'n land, 'n volk 'n nasie losbreek. Is die oorsaak by dié een wat God se gebooie preek of is die regtige oorsaak nie by hulle wat God se gebooie breek nie. Om God se gebooie te preek is nie maklik nie, maar dit moet gedoen word. Dié een wat God se gebooie breek sal in die res van 1 Konings 18 moet beseef Wie is waarlik dié God vir Wie se gebooie daar geen respek is nie. Wie is die God Wie se gebooie somaar net gebreek word! Ek

moet die God regtig nog beter leer ken, nie alleen in wat sy gebooie vir sy kinders is nie, maar dit gaan om 'n nog groter saak.

Dit gaan om diens aan Hom, ja ook herstelde diens aan Hom. Dit gaan om gehoorsaamheid aan Hom, ten slotte gaan dit om God tussen al die baie dinge van die wêreld uit te ken en bó alles te stel. Ons eerste gedagte laat ons kyk na –

Die herstelde diens wat daar in ons dien van die Here moet wees:

Verlede Sondag het ons besef hoe belangrik God se gebooie vir Hom is, dat ons dit nie mag breek nie. Vandag besef ons dat om in gehoorsaamheid aan God se gebooie te bly lewe sal alleen moontlik wees as ons met God versoen is. Ek kan alleen God se gebooie gehoorsaam as daar 'n lewende herstelde verhouding tussen my en die Here is. Die altare in die Ou Testament was as't ware die brandpunt om met God versoen te kon word. Die offers op daardie altare en die diere wat geslag is en die bloed wat moes vloei was alles deel van dit wat aan voldoen moes word voordat daar versoening met God kon wees. Dit was werklik versoening deur voldoening.

So maklik kan ons in vandag se gelese gedeelte meegevoer raak dat alleen God, Hy wat die Here is, is die enigste wat vuur vanaf die hemel kon laat neerdaal wat daardie geslagte bul en die baie water waarmee die offer, die altaar in die droogtetyd natgegooi was. Selfs die sloot rondom die altaar was ook gevul met water. God se vuur daal uit die hemel neer en brand die offer, die water, selfs die klippe smelt weg in wat God se vuur was.

Maar voordat dié vuur daar kon wees gaan dit nie net om die afwesigheid van vuur wat die 850 profete nie van hulle afgode kon afbid nie. Hulle het omtrént te kere gegaan in die hoop hulle gode sal ook mos vuur op hulle offer, die geslagte bul van hulle keuse, kan laat afkom. Daar gebeur niks, ja begin hulle later hulself stukkend te sny soos wat die intensiteit in hulle diens aan hulle god deur hulle eie bloed beïndruk moes raak. Steeds gebeur niks nie! Elia spot later met hulle, ja dis 'n heilige ywer vir Wie waarlik God is wat Elia daartoe bring om met die stomme gode die spot te dryf. Dalk slaap hulle god, dalk het die gode maar 'n entjie gaan stap, dalk is die god wat hulle tot hierdie verval gebring het maar met sy eie gedagtes besig. Die feit is so dood soos wat hulle god is, kan daar geen vuur van sulke gode verwag word nie.

Terwyl as Elia met die ware God, ons Here, Hy wat waarlik sy vuur van God kon verwag, dan is dit nie somaar net 'n geval van God moet nou vuur stuur en dis al waaroor dit gaan nie. Ons moet mooi lees, ja ons moet werklik mooier lees wat hier aan die gang is. Elia het begin deur die ou baie stukkende altaar eers reg te maak. Ons God, Hy wat waarlik alleen God is Hy kom nie in die eerste plek met magsvertoon op die mens af soos wat nasies met hulle gode eintlik magte en kragte van hulle gode verwag het nie. Ons God kom na ons in wat Sy verhouding met ons, nie in die eerste plek hoe magtig Hy is nie, al is Hy almagtig. God wil in 'n herstelde verhouding met sy kinders lewe en daarom moet ons bereid wees om in 'n herstelde diens vir God in ons verhouding met Hom te dien.

Daarom is die herstel van die altaar, dit wat Elia daardie dag 'n groot deel mee besig was, van deurslaggewende belang voordat dit kon gaan om die vuur en die bul wat op die altaar in vlamme kon opgaan. Die belangrikste by daardie vuur en bul was dat daar rondom 'n herstelde altaar gewerk was. Elia se herstel van 'n baie ou stukkende altaar is van deurslaggewende belang in wat verder daardie dag moes gebeur. As die herstel van die altaar nie vir Elia eerste prioriteit was nie dan sou baie van die magtige dinge van daardie dag nie so gebeur het nie. Dit gaan eers om versoening, ja om herstelde diens aan God voordat daar van enige van die ander wonderlike dinge op daardie dag sprake van mag wees. 'n Lewende verhouding met God is baie belangriker as al hierdie ander dinge. Al hierdie ander dinge is eintlik net sprekend van die wonderlike herstelde verhouding wat daar met God kan wees.

Besef u en ek dit vandag, laat ons genoeg aandag gee daaraan. Elia het nie op hierdie besondere berg 'n nuwe altaar gaan staan en bou nie, maar hy raak besig met 'n altaar wat vir baie jare, dalk al vir so baie geslagte in onbruik geraak het. Ons kan aanvaar dis waarom Elia die volk juis na hierdie berg gelei het, want hier gaan dit om herstelde diens aan God tekenend in die baie ou altaar wat hy hier voor hulle oë kon herstel. Dalk was die goddelose Isebel nog die een wat die altaar in sy laaste stukke gebreek het. Ons weet nie, maar die feit is die altaar moes eers herstel word vóór hier van enigiets anders sprake mag wees.

As kerk is dit van die uiterste belang dat daar in 'n herstelde verhouding met God gelewe moet word. Die ou dinge wat wel die regte dinge is, moet eenvoudig herstel word, moet nie na nuwe

dinge soek nie, maar herstel dit wat goed en mooi was. Herstel dit wat vir God belangrik was, dan kan daar eers van versoening sprake wees. Versoening deur voldoening is dit wat ons nooit mag mis nie. Werk daaraan. Daar kan alleen van herstelde diens aan God sprake wees as ek en jy reeds in 'n herstelde verhouding met God staan. As jou verhouding met God op die stadium nie reg is nie, dan weet jy waar om te begin. Herstel jou verhouding met God dan sal jou diens aan God ook begin regkom! Nuwe-Testamenties staan dit baie sterk, jou hart moet reg wees, jou verhouding met God moet reg wees, vóór jou diens en jou offers aan God reg sal kom!

Ons herstelde altaar is Hy wat ons Here Jesus Christus is. Hy het Homself kom offer, maar Hy het ook sy lewe hier op aarde kom plaas soos 'n altaar wat daar 33 jaar aan gebou moes word, voordat die dag kon aanbreek wat daar op daardie altaar geoffer kon word. Hy bou sy lewe hier op aarde op, ja Hy skenk aan ons sy lewe as herstelde altaar en dan kom Hy en offer Homself ook nog op daardie altaar wat Hy ons Here Jesus Christus vir ons kom bou het. Kan jy jou die grootheid, die omvangrykheid, die waarde van so 'n opoffering en so 'n prys ooit genoegsaam indink.

Elia gaan baie sorgvuldig te werk. Daar is spesifiek net met twaalf klippe gewerk, verteenwoordigend van elke stam. Die getal twaalf vorm die simboliek van God regeer. Soos God destyds deur die twaalf stamme, ja die kerk in sy Ou Testamentiese gewaad kon regeer, so kan Elia die versekering gee dat God regeer steeds. Hierdie 12 klippe staan in die teken van God se heerskappy. Hiermee maak Hy die altaar reg. Dis asof alles netjies afgerond moet wees voordat dit wat op die altaar mag kom, kan dien. Dit sê al iets van wie in sy/haar herstelde lewende verhouding nie bereid is om in 'n afgeronde geheel hulle lewe aan God as 'n lewende, heilige en vir God welgevallige offer te bring nie, kan nie ware diens aan God lewer nie. Romeine 12 vers 1 noem dit die wesentlike van die godsdiens wat ons moet beoefen. Daarom is ons tweede gedagte in baie nou aansluiting met wat ons so pas besef- Ons tweede gedagte dan-

In alles gaan dit om gehoorsaamheid aan Hom, Hy Wie dié Here is:

As daar vandag 2 ouderlinge bevestig gaan word, is dit aangrypend dat hulle getuienisse waarom hulle hierdie roeping moet opvolg staan in gehoorsaamheid aan Hom wat hulle geroep het. Dit is nie mense wat hier roep nie, dit mag alleen die Here wees wat sy dienaars in sy diens stel, ja ook die besondere dienswerk, die besondere amp van 'n ouderling. In hulle lewe moet daar reeds iets

wees van 'n herstelde altaar in hulle persoonlike verhouding met die Here, in hulle gesinslewe, in hulle kerklike lewe, ja orals moet daar iets wees van ons wil die ou altare herstel. Ons leef in 'n herstelde verhouding met die God wat ons tot hierdie amp geroep het.

Ons is nie tot hierdie amp gedwing nie, maar hiertoe geroep. By die heidene, soos hierdie heidene rondom hulle altaar te kere gegaan het dat hulle god die offer moes brandsteek, so werk ons nie. Die heidene wil offer om te dwing, ja jy gee iets vir jou god en nou is die god verplig om iets terug te doen. Jy koop as't ware met jou offer die guns van jou god. Hulle gee 'n bul vir Baäl en nou moet hy vuur gee. Hulle wil Baäl probeer dwing. As hy nie reageer nie skree hulle al hoe harder. Hulle sny hulleself stukkend, miskien sal Baäl ons jammer kry as hy tog net kan sien dit waartoe ons bereid is om vir Baäl te doen.

In die altaar vir die ware God, is daar herstel, daar is water, (hierdie water en die doop staan simbolies naby mekaar-letterlik lê die offer die water daarrondom ingebed ...) méér nog, daar is die besef dat as daar Ou-Testamenties tot die lewende God geoffer word, dan was dit nie 'n geval van ek gee 'n geskenk vir God nie, maar die besef was dat dit ek is wat eintlik op daardie altaar moes gelê het. Ek verdien die dood soos die doodgemaakte dier wat nou geoffer gaan word. God mag my bloed eis as 'n versoening vir al my sondes. Tog is ek so vol sondes en is dit net genade dat God nou my lewe spaar en daardie plaasvervangende offer op die altaar aanvaar.

Ten diepste en dit besef julle ook broeders wat in die amp sal moet dien. Hierdie offers in Israel geskied in gehoorsaamheid aan God en dit was alreeds 'n roepe om wat Jesus Christus vir ons moes kom doen het. As ouderling moet ek Christus dien, moet ek aan Hom gehoorsaam wees, ja die wese van my ouderling wêrk vat Paulus later so mooi saam as hy dit noem die bediening van die versoening. In 2 Korintiërs 5:18 staan dit mooi saamgevat- *8 Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.*

Dit wat aan julle toevertrou word, gedagtig aan wat Elia ook moes doen, herstel die verhoudinge, bou die afgebreekte altare weer op. Plaas Christus in die middelpunt op die altare van jou lewe, dan sal Christus reeds in die middelpunt van hierdie gemeente as altaar van God gedien word.

Die kerk, ons as volk moet hoor, moet sien, ja ons moet weet dat die Here, Hy alleen is God. Hy is waarlik God ook in hierdie Kerk wat ons deel van sy liggaam is, die liggaam van ons Here Jesus Christus. Ons moet soos 'n liggaam wees, lede afsonderlik maar juis ook lede van mekaar anders kan 'n normaal menslike liggaam nie funksioneer nie. In die kerklike liggaam van ons Here Jesus Christus is dit so nodig dat ons 'n slag weer sal besef wat dit is om lede ook van mekaar te wees. Dit is 'n baie basiese Bybelse metafoer van wat die kerk in Christus moet wees.

Hoe dikwels kry ek die indruk dat in hierdie kerk en in hierdie gemeenskap gaan elkeen maar net aan, daar is weinig sprake dat ons hier werklik soos een liggaam funksioneer, werklik ook as lede van mekaar. Dis eintlik 'n tragiese toestand wat rondom ons maar ook oor ons afspeel. Hoe lank dit al so aangaan is moeilik om te bepaal. Oud predikante beklemtoon wel ook iets van die tragedie van hierdie gemeente. Hiervoor sal hierdie kerk nog eendag voor die lewende God verantwoording moet doen. Elkeen in sy eie persoon wat nie wou hoor toe daar gepraat, gebed, gepleit is dat as kerk kan ons nie so aangaan asof elkeen maar net hier is vir homself/vir haarself nie. Jy dan eintlik maar jou eie god is! Ek maak net wat ek wil want ek is mos eintlik maar my eie baas, ja my eie god. Terwyl ons laaste gedagte vandag juis dit beklemtoon-

Om God tussen al die baie dinge van die wêreld uit te ken en bó alles te stel.

Die begin van om die ou altare te herstel is laat ons kyk na wat ons verhoudinge met mekaar is. 'n Terugkeer tot die Here staan nooit los van 'n terugkeer ook tot mekaar. Daar waar die ouderlinge moet voorloop en voor vat. God het sy altaar op Karmelberg met 'n onblusbare vuur, ja 'n bo-natuurlike vuur laat brand, selfs het die vlamme die baie water opgelek. Direk hierna is daar baie streng tug toegepas. Al daardie heidense profete en priesters het met hulle lewe moes betaal, toe God besluit het, nou is die tyd, nou is dit genoeg. Daar sal weer só 'n dag wees wat God sal bepaal, nou is die tyd, nou is dit genoeg.

Nou nog het ons tyd. Daarom laat dit soos op Karmel ook vandag in hierdie gemeente, ook in julle ouderlinge se dienswerk duidelik wees, mag dit al duideliker word, dat die Here, Hy is God. Nadat God die altaar laat brand het, het die volk, ja 'n menigte wat ook aan Baäl toegewy was, maar nou roep hulle dit uit, hulle doen dit twee maal op daardie dag - *Die HERE is God, die HERE is God* (v 39). God word tussen die geharwar van 'n dag van baie dinge raakgesien, Hy word tussen al die baie dinge uitgeken, Hy word bó alles gestel.

Soos Elia twee maal gebid het, dat God in sy godheid bekend moet word, so het die volk op hierdie waarheid dit ook twee maal moes erken. Die Naam van die Here staan in Elia se gebed sentraal, maar na alles moet die Naam van God in dit wat erken moet word, ook sentraal staan. Mag ons beseef wanneer die Here die vuur stuur, staan dit direk in aansluiting met sy Heilige Gees. As offer en hout, klippe en grond deur hierdie vuur verteer word, Wie kan dan nog twyfel, dat die Here Hy is God, ja Hy regeer! Mag ons almal saam, ook julle wat nou as ouderlinge bevestig gaan word, hierdie waarheid uitleef, verkondig en bedien, in wat die bediening van die versoening veronderstel is om te wees. Ook as ons volgende keer na hfst. 19 mag oorbeweeg en die vraag ernstig gevra moet word, hoe relevant is ons as Kerk nog werklik?!

AMEN